

(Afrikaner-)mythes, outobiografie en biografie¹

Abstract: (Afrikaner) myths, autobiography and biography

The article researches a link between (Afrikaner) myths and the reflection of these myths in biographical and autobiographical works of prominent Afrikaners of the twentieth century. Within this context the term 'myth' is defined as a narrative (re)construction of group identity and values connected to man's search for "truth, meaning (and) significance" (Campbell in Flowers, 1988:5) in his life. This search contributes to a positive self-image within a group or nation and the establishment of group specific values.

Special reference is made to the well-known Afrikaans writer/thinker and socially aware Maria Elizabeth Rothmann (M.E.R.). It is argued that both her autobiography (published in 1972) and the recent biography by J.C. Steyn, Die 100 jaar van MER (2004), reflect the impact of Afrikaner myths and their associated values.

Finally it is suggested that Hermann Giliomee's The Afrikaners: biography of a people (2003) could also serve as an excellent source of further research into the same topic, namely the impact of Afrikaner myths and values as reflected within the context of a biographical work.

1. Inleiding

Carel Peeters noem Adriaan van Dis se 1994-roman, *Indische Duinen*, “een genadelose outobiografiese roman” (aangehaal in die flapteks). Die seun in die roman verwoord die impak van sy vader op die konstruksie van sy selfbewussyn en op sy soeke na die waarhede — en leuens — van die verlede soos volg:

Hoeveel leugens? Had het zin de wortels van haar (die moeder se — AMJ) stamboom verder bloot te leggen? ... De belachelijke hang naar zuiverheid, ook mijn vader was erdoor besmet, met deftig en plat, goed en kwaad, meer en minder, hoger en lager, links en rechts, sterk en slap, scherp en zoet, tot in de keuken toe. Zou hij om die reden na de oorlog de antroposofie hebben omarmd? Een leer die de broederschap van alle mense voorstaat, zonder onderscheid van ras, geloof, geslacht, kaste of kleur, met het zoeken naar waarheid als hoogste goed. Mooie theorieën om de leugens uit zijn jeugd te verdringen. (Van Dis, 1994:210, 211.)

Sekere frases in die bostaande aanhaling uit 'n sogenaamde “genadelose autobiografiese” werk is aanduiders van 'n diskoers rondom miteskepping en die neerslag van mites in outobiografiese en biografiese tekstste. Dit gaan naamlik meermale om “leugens”, “wortels”, “hang naar zuiverheid”, “het zoeken naar waarheid”, “hoogste goed”, “mooie teorieën” en die poging om “de leugens uit zijn jeugd te verdringen”. Die genoemde frases hou verband met miteskepping omdat waarheid en leuen, die eie wortels, die hoogste goed en die soeke na waarheid almal aspekte is wat noodwendig deel uitmaak van die mens se eie lewensverhaal en sy besinning oor waar hy vandaan kom en waarheen hy op pad is; dus van wat verderaan in die betoog gesien word as die internalisering van persoonlike en groepsgebonde miteskepping.

2. Probleemstelling en doel van die artikel

Die begrippe ‘Afrikaner’ en ‘Afrikanerskap’ word al lank, maar veral in die afgelope dekade, dikwels met argwaan bejeën en verdag gemaak. Daar is selfs sommige polemici wat wil beweer dat ‘Afrikaner’ ’n uitgediende term is wat liefies nie in die nuwe demokratiese bestel genoem moet word nie. Sommige mense wat dit beweer, sou per definisie waarskynlik voorheen self as Afrikaners beskou gewees het.

Een verklaring vir hierdie verskynsel is voor-die-hand-liggend, naamlik die onbetwisbare assosiasie by baie mense tussen Afrikanernasionalisme, die Nasionale Party en die beleid van apartheid. Giliomee (2003:664) maak byvoorbeeld, met verwysing na die proefskrif van Hermann Wasserman, die volgende uitspraak:

... the close identification that (has) grown up between the Afrikaans language and white domination, male chauvinism and Afrikaner nationalism cast a shadow beyond 1994.

Die taal van die Afrikaners (hoewel natuurlik nie die eksklusiewe eiendom van dié groep binne die groter Afrikaanse spraakgemeenskap nie) is gevolglik eweneens in die spervuur en verskeie kundiges op taalpolitieke terrein, soos Jaap Steyn, Hermann Giliomee en ander, wys gereeld in die media en in gespreksforums op die kommerwekkende verskraling van Afrikaans se hoëfunksiestatus op vele terreine, soos byvoorbeeld in die tersiêre onderwys.

Een van die vrae wat in dié verband gevra kan word, is in watter mate miteskepping bygedra het tot heersende negatiewe persepsies van die Afrikaner en Afrikaans.

'n Verdere probleem wat geïdentifiseer is, is dat die Afrikaners as groep ly aan 'n mate van ontgeling deurdat die mites wat aan hulle voorgehou is as waar en sinvol, *oënskynlik* vals was.

John Steinbeck beskryf disillusie as “that emotion we feel when any of our safe patterns are disturbed” (aangehaal deur David Wyatt in sy inleiding tot *East of Eden*, 1992:xxi). Dit is waarskynlik by uitstek die geval dat die Afrikaners as groep ervaar dat hulle ‘veilige patrone’ in die afgelope dekade en langer ernstig ‘versteur’ geraak het. 'n Groep wat sonder 'n ‘lewende mite’ probeer bestaan, kan bes moontlik apaties, negatief en selfs depressief raak.

Etienne Leroux het reeds in die begin-sestigerjare in 'n lesing in Stellenbosch getitel, “Die mens, en veral die skrywer, op soek na 'n lewende mite” (opgeneem in Kannemeyer, 1980:12), die impak van “miteverlies” op 'n groep of volk verduidelik. Hy reken naamlik dat 'n volk tot “fantastiese daade” kan oorgaan as hulle deur 'n “lewende mite” aangespoor word, maar “sonder 'n mite kan 'n volk alle belang in die lewe verloor en verdwyn”.

In dié opsig is 'n herwaardering van singewende miteskepping en van die vestiging van bepaalde lewenswaardes, soos wat onder meer blyk uit outobiografiese en biografiese stof deur en oor Afrikaners, myns insiens belangrik.

Die doel van hierdie artikel is nie om in te gaan op negatiewe miteskepping rondom die Afrikaner en Afrikaans nie, maar om juis die positiewe krag van miteskepping in die konstruksie van groepsidentiteit en 'n groepsetos te belig. Die neerslag van miteskepping rondom bepaalde groeps spesifieke waardes en lewensbeskouings in (veral) die outobiografie van en biografie oor M.E.R. word dus verken om te bepaal in watter mate miteskepping bygedra het tot die konstruksie van genoemde groepsidentiteit en -etos.

Die kwessie van miteskepping en die term ‘mite’ word egter eers kortliks belig.

3. Mites en miteskepping

In die loop van navorsing oor die aard en funksie van mites en die bestaan van bepaalde mites rondom Afrikaans (Jordaan, 2004) moes ek telkens stuit teen die — myns insiens — verkeerde siening van mites as vervalsings, of dan ten minste as veralgemenings sonder grond. Hierdie siening word boonop ondersteun deur die jongste HAT se tweede inskrywing by die term ‘mite’, naamlik dié van mite as “'n storie sonder grond”.

In die volksmond word daar feitlik daaglik een of ander saak as ‘n mite’ afgemaak, waarmee die spreker dan bedoel dat dit in opposisie tot die ware feite staan.

’n Omvattende literatuurondersoek rondom die kwessie van miteskepping, soos verwoord deur verskeie filosowe, letterkundiges, historici en ander ‘mitoloë’ binne die geesteswetenskappe, asook my eie nadenke oor die onderwerp, het egter tot ’n heel ander gevolgtrekking gelei, naamlik dat ‘mite’ en ‘onwaarheid’ mekaar dikwels eerder teenspreek. Conradie (1964:9) beweer immers:

Die moderne (“modern” in 1964 — AMJ) gebruik van die woord ‘mities’ as sinoniem vir ‘vals’ is baie misleidend. As die mite niks meer as ’n onware verhaal was nie, sou dit baie moeilik gewees het om te verklaar waarom dit eeue lank so ’n geweldige invloed uitgeoefen het.

Soos uit die betoog verderaan behoort te blyk, gaan ek uit van die siening dat ’n ‘mite’ ’n lewende, waarheidskeppende krag in die lewe van individue en groepe vorm. Miteskepping word gesien as ’n proses wat verband hou met die mens se reflekerende — bykans religieuse — besinning oor sy/haar plek in die wêreld as individu en binne bepaalde groepsverbande en selfs in terme van ’n ewigheids-perspektief.

Dié vorm van miteskepping maak ook deel uit van die mens se besinning oor die “storie van sy lewe” en dus oor sy herkoms en dié van sy groep of volk. Dit is waarskynlik wat Kingsolver (1999:492) bedoel wanneer sy beweer:

We all are, I suppose. Trying to invent our version of the story. All human odes are essentially one: ‘My life: what I stole from history, and how I live with it’.

Vir ’n diskoers oor die rol van mites in die lewe van individue en groepe en die verbande hiervan met biografie en outobiografie, is Jung (1964) se siening van die ontstaan van mites deur simboolvorming in die “kollektiewe onbewuste” van die mens van belang, omdat laasgenoemde daarop dui dat miteskepping grootliks spontaan en ook kollektief (dus binne groeps- of kultuurverbande) plaasvind.

Samuel en Thompson (1990:2) wys daarop dat die hernude waarde wat geheg word aan subjektiewe en persoonlike verhale daartoe lei dat elke sodanige verhaal gesien kan word as “a vital document of the construction of consciousness, emphasizing both the variety of experience in any social group, and also *how each individual story draws on a common culture...*” (My kursivering — AMJ.)

Dit is dan ook so dat individue in die meeste gevalle deel uitmaak van ’n groter groep (“a common culture”) waarvan die ander lede dikwels dieselfde identiteitskonstruksie deurgegaan het. Persoonlike mites, gegrond op die eie, dikwels onbewuste, interpretasie van lewensomstandighede en die gepaardgaande vorming

van 'n lewensbeskouing, kan dus help vorm gee aan die mites van die groter gemeenskap waarbinne die individu leef.

Die redes vir gemeenskaplike identiteitskonstruksie is velerlei, maar kan waarskynlik veral teruggevoer word na aspekte soos 'n gedeelde geskiedenis en herkoms, gedeelde bedreigings (byvoorbeeld dié van 'n buitelandse vyand wat die fisiese voortbestaan van die groeplede raak, soos die geval was met die Afrikaners ten tye van die Anglo-Boereoorlog), dieselfde taal, godsdiens, lewensomstandighede en gedeelde waardes.

Miteskepping word egter nie hier benader volgens die siening dat dit primêr 'n "georkestreerde aksie" is waardeur politici of militêre leiers groepe wil manipuleer om bepaalde ideologieë aan te hang en daarvolgens te handel nie. Die "kaping" van mites deur politieke en ander leiers met die oog op die manipulerings van groepe word hiermee nie ontken nie. Leonard Thompson (1985) verwys onder meer hierna en noem mites wat so ontstaan "radikale mites". Sulke radikale mites het 'n uiters negatiewe impak, soos onder meer blyk uit gebeure die afgelope eeu in Europa en elders in die wêreld, waar die ontmensliking van "die ander" tot uiterste wandade en menseregteskendings gelei het.

Dit gaan egter in hierdie artikel oor "goeie mites" wat singewend inwerk op die bestaan van die individue en groepe wat die betrokke mites "leef". Hierdie goeie mites het veral ten doel om die eie ontstaangeskiedenis te verklaar en aan die jonger geslag oor te dra om sodoende 'n gevoel van eiewaarde en 'n groter verantwoordelike besef teenoor die groep en die samelewing in die breë te help kweek.

Afrikanernasionalisme word dus ook nie hier in die eerste plek gesien as 'n politieke dryfveer in die eerste plek nie, maar veel eerder as dié soort 'nasionaalisme' wat M.E.R. op 17 Desember 1934 in *Die Burger* definieer as "liefde vir die eie volk en 'n begeerte om daarvan 'n gesonde, intelligente en eerbare volk te maak; weemoed oor agterlikheid op enige gebied waar hierdie drie eienskappe behoort te regeer; en 'n onophoudelike verlange en strewe om vordering daar in plaas van agterlikheid te kry" (aangehaal deur Steyn, 2004:358).

Dit gaan voorts oor miteskepping wat as 't ware geïnternaliseer geraak het. Samuel en Thompson (1990:14, 15) meen

the most powerful myths are those which influence what people think and do: which are *internalized, in their ways of thinking*, and which they pass *subconsciously* to their children and kin, their neighbours, workmates and colleagues as part of *the personal stories which are the currency of such relationships*. (My kursivering — AMJ.)

Vervolgens word bepaalde uitgangspunte rondom miteskepping kortliks saamgevat.

4. Bepaalde uitgangspunte van geesteswetenskaplikes rondom mites

Thomas Bulfinch (gebore in 1796) maak in sy klassieke werk, *Bulfinch's Mythology* (in 1993 heruitgegee in die Wordsworth Refence-reeks), reeds die volgende uitspraak rondom die waarde van die mitologie (1993:ix):

If no other knowledge deserves to be called useful but that which helps to enlarge our possessions or to raise our station in society, then Mythology has no claim to the appellation. But if that which tends to make us happier and better can be called useful, then we claim that epithet for our subject. For *Mythology is the handmaid of literature, and literature is one of the best allies of virtue and promoters of happiness.* (My kursivering — AMJ.)

Bulfinch se siening word by implikasie bevestig deur twee gemeenskaplikhede wat veral na vore gekom het in my literatuurondersoek na die siening van verskeie geesteswetenskaplikes oor mites en miteskepping. Dié gemeenskaplikhede is, eerstens, dat daar 'n verband is tussen mites, lewenswaarhede en lewensmodelle; en tweedens, dat daar 'n beduidende verband bestaan tussen mites en stories/narratiewe.

4.1 Die verband tussen mites, lewenswaarhede en lewensmodelle/ lewenswaardes

Die volgende kort samevatting van die uitsprake van enkele geesteswetenskaplikes oor die rol en funksie van mites kan lig werp op die verband tussen mites en lewenswaarhede, -modelle en -waardes:

- De Rougemont (1956:18) ag die funksie van mites as die uitdrukking van 'n gemeenskap se “rules of conduct”.
- Kirkwood (1958:22) verwys na die mite se vermoë om die “*primary* emotional and imaginative workings of the human mind” in storienvorm te verwoord.
- Jung (1964:79) praat van die rol van godsdienstige mites as “a sort of mental therapy”.
- Malan (1978:39) meen dat die mitiese vertelling sedert die vroegste tye ten doel gehad het om “die sin, samehang en doel van die kosmos te verklaar”.
- Campbell (wat, soos reeds gesê, beskou kan word as een van die mees prominente mitoloë van die twintigste eeu) se standpunt (weergegee in Flowers, 1988:5) is dat mites stories is oor die mens se ewige soeke na waarheid, be-

tekenis en sin (“truth, meaning, significance”). Campbell beweer voorts:

What we have today is a demythologized world. And, as a result, the students I meet are very much interested in mythology, because *myths bring them messages* ... They're *stories about the wisdom of life* ... (Flowers, 1988:9); [...] myths offer *life models*. (Flowers, 1988:11, 13; my kursivering — AMJ.)

- Die historici Samuel en Thompson (1990:4), beweer in hulle belanghebbende publikasie, *The myths we live by* (1990:4), in soveel woorde dat mites ’n *fundamentele* komponent van die menslike denke is.
- Steenberg (1992:313) verklaar die mite as ’n verhaal wat gestalte gee aan “’n standhoudende waarheid”.
- En Etienne Leroux (1960, soos opgeneem in Kannemeyer, 1980:11, 12) verwys na ’n “lewendende mite” as ’n “lewendende waarheid” en brei daarop uit deur te beweer dat die mens eerder kan “sterf van die honger” as om sonder “sy mite” klaar te kom.

Die afleiding wat gemaak kan word op grond van genoemde stellings is dat die soeke na “waarheid” (Campbell, Steenberg en Leroux), na modelle vir aanvaarbare optrede binne groepe (“rules of conduct” — De Rougemont), asook die mense se “verbeelding” (Kirkwood) en interne genesing (“mental therapy” — Jung) alles deel uitmaak van die komplekse saak van miteskepping.

Al dié fasette hang myns insiens nou saam met die mens se soeke na waarhede, met singewing aan die eie bestaan en met die internalisering van lewenswaardes en -modelle.

4.2 Die beduidende verwantskap tussen mites en stories/narratiewe

’n Tweede belangrike gemeenskaplikheid in die siening van die genoemde geesteswetenskaplikes rondom mites is die verweefdheid van mites en stories of narratiewe.

Campbell stel mites en stories volkome gelyk (“Myths are stories ...”), terwyl Kirkwood, Malan en Steenberg aantoon dat miteskepping tot stand kom *deur middel van stories/vertellings*.

Dit is egter belangrik om pertinent daarop te wys dat miteskeppende verhale nooit ligtelik opgeneem kan word nie. Die vertel van dié soort ‘verhale’ lê juis ’n bepaalde verantwoordelikheid op aan die verteller. Nie verniet nie beweer Estes, in *Women who run with the wolves* (1992),

Storytelling is [...] not an idle practice ... Although some use stories as entertainment alone, tales are, in their oldest sense, a healing art ... (Estes, 1992:463.)

Die rol van stories in singewing — deur individue in die vertel van hulle eie lewensverhale, maar ook deur groter groepe (kultuurgroepe, volke, nasies of andersins “verbeelde gemeenskappe”, in die terminologie van Anderson (1991) — word ook eksplisiet deur Krog bevestig wanneer sy beweer (1998:196): “*We make sense of things by fitting them into stories ... Nations tell stories of their past in terms of which they try to shape their futures*”. (My kursivering — AMJ.)

Die afleiding op grond van (a) en (b) hierbo sou dus kon wees dat mites wel ‘stories’ of in elk geval ‘narratiewe’ is, maar dan dié soort narratiewe wat daarop gemik is om vir die mens die “sin, samehang en doel van die kosmos” (Malan, 1978:39) te verklaar en ook om aan hom lewensmodelle (De Rougemont, Campbell) te verskaf.

5. Die (miteskeppende) konstruksie van selfbewussyn/identiteit binne ’n groep of volk

Identiteitskepping deur “verbeelde gemeenskappe” word deur Calhoun (1994:9-10) soos volg verwoord:

We know of no people without names, no languages or cultures in which some manner of distinction between self and other, we and they, are not made [...] Self-knowledge — always a construction no matter how much it feels like a discovery — is never altogether separate from claims to be known in specific ways by others.

Die verwysing deur Calhoun na selfkennis as ’n konstruksie hou verband met die kwessie van miteskepping as singewende narratief. Die verteller *besluit* om die verhaal op ’n bepaalde manier te vertel en dit lei dan dikwels tot mitologisering. Dieselfde proses is myns insiens werksaam by outobiografiese en biografiese stof.

Die reeds aangehaalde geskiedskrywers, Samuel en Thompson (1990:5), stel dit dan ook duidelik dat lewensverhale *rekonstruksies* is waarin “some incidents [are] dramatized, others contextualized, yet others passed over in silence, through a process of narrative shaping in which both conscious and unconscious, myth and reality, play [...] significant parts.”

Die konstruksie van Afrikaneridentiteit en die rol van Afrikaans hierin bly steeds ’n ondersoekveld wat, om Eugène Marais se poëtiese woord te misbruik, so wyd as die Heer se genade strek. Bekende figure in die Afrikanergeskiedenis, soos Christiaan de Wet (held van die Anglo-Boereoorlog, maar ook politikus wat in 1896 na die taal van ’n volk verwys as “zijn meest gewaardeerde kleinood” — Steyn, 1980:169), Gustav Preller, C.J. Langenhoven, N.P. van Wyk Louw en nog

talle ander, het hulle as 't ware miteskeppend oor Afrikaans en Afrikaneridentiteit uitgespreek.

In die geskiedenis van die Afrikaner as kultuurgroep en van sy “helde” — vanaf die mitologiese begin van die “storie van Afrikaans” in die Paarl in 1875 tot selfs nog in die heel jongste tyd — is daar deurentyd sprake van die konstruksie van identiteit en dus van miteskepping, naamlik deur die oordrag van singewende narratiewe. In die volgende gedeelte van die artikel word die rol van miteskepping in die konstruksie van identiteit en die vestiging van lewenswaardes soos dit neerslag vind in outobiografie en biografie, dan verder belig.

6. Vroeë biografiese miteskepping rondom die persoonlikhede van die eerste “taalstryders”

Die broers Nienaber publiseer in 1958 'n boek oor die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal. ('n Boek, terloops, wat vir die verskillende provinsies as studiemateriaal voorgeskryf is en as sodanig heel waarskynlik bygedra het tot miteskepping.)

In die Nienabers se biografiese verwysings na die eerste “taalstryders” ('n mities-gelade term) gebruik hulle talle woorde en frases wat myns insiens duidelike blyke van miteskepping openbaar.

Die skrywers verwys naamlik in die loop van ongeveer drie bladsye (Nienaber en Nienaber, 1958:20-22) in mities-gelade frases na

- die “eenvoudige waarheid” wat aan die Afrikaners (rondom die beginjare van die GRA) oorgedra moes word dat Afrikaans hulle moedertaal is;
- die “bekerings- en oortuigingswerk” deur die “hartstogtelike pleitbesorgers”, leiers wat “'n duidelike visioen (moes) kry” en “dissipels” moes werf vir hulle “ideaal “; en
- Pannevis as “'n groot kenner van die klassieke en verskeie moderne Europese tale”, 'n “geleerde wat geroem is as die grootste taalkundige wat Suid-Afrika gehad het” en iemand wat boonop “baie godsdienstig (was)”. (Die “vrome Pannevis” het verder daartoe bygedra dat C.P. Hoogenhout tot bekering gekom en self 'n “ywerige voorstander” vir die “jong Boeretaal” geword het.)

Die afleiding uit die gebruik van die bogenoemde “vererende” verwysings na Pannevis en Hoogenhout is dat die twee Nienabers deur hulle woordkeuse bydra tot die mitologisering van die eerste taalstryders se karakters en rolle.

7. Miteskepping, outobiografie en biografie

Lewensverhale — sowel oor die eie lewe as oor dié van ’n ander persoon — verteenwoordig per definisie die “waarheid” oor iemand se lewe van begin tot einde (of in elk geval tot die datum van dokumentasie, indien die persoon nog lewe — soos uiteraard die geval is by ’n outobiografie!).

Soos wat Samuel en Thompson (1990:5) dit in die aanhaling hierbo stel, gaan dit egter oor “narrative shaping” en die bewustelike of onbewustelike weglating, oorbeklemtoning of dramatisering van sekere gegewens. In dié opsig kan die rol van miteskepping wat gelei het tot ’n bepaalde lewensbeskouing by die skrywer — hetsy outbiograaf of biograaf — myns insiens ook nooit buite rekening gelaat word nie.

Dit sou ’n baie meer omvattende ondersoek verg om al die persoonlike, groeps-gedrewe en historiese invloede wat bygedra het tot miteskepping in die outobiografieë en biografieë van bekende Afrikaners te probeer belig.

Daar word dus gefokus op Maria Elizabeth Rothmann (M.E.R. - 1875-1975) en op miteskepping in haar lewe wat verband hou met die vaslegging van bepaalde lewenswaardes.

7.1 M.E.R. as miteskepper rondom lewenswaardes

Izak de Villiers se oordeel in die flaptteks van Jaap Steyn se M.E.R.-biografie is dat M.E.R. moontlik “die grootste Afrikaner” van die vorige eeu was. De Villiers beweer voorts:

Enigiemand wat vra wie en wat die Afrikaner is, sal in hierdie boek feitlik al die antwoorde kry soos vergestalt in die lewe van hierdie merkwaardige vrou. M.E.R. verrys uit hierdie boek as die ‘toetssteen’ van haar stam en kultuurgemeenskap.

Hierdie uitspraak van die dominee-digter sê dit myns insiens baie duidelik, hoewel nie in soveel woorde nie: M.E.R. was ’n miteskepper. Wanneer daar dus in hierdie afdeling verwys word na die waardes en dryfvere in die lewe van “hierdie merkwaardige vrou”, dien sy as ’t ware as voorbeeld van die neerslag van miteskepping binne haar kultuurgroep.

Die vraag sou natuurlik gestel kon word of die waardes wat as miteskeppend in M.E.R. se lewe beskou kan word, spesifiek verband hou met haar eie kultuurgroep. Dit is immers ongetwyfeld so dat baie “goeie waardes” nie kultuurspesifiek is nie, maar deel uitmaak van “algemeen-beskaafde” waardes.

Daar word egter geredeneer dat sekere waardes — hoewel universeel — ook beskou kan word as kenmerkend van 'n betrokke kultuurgroep. Dié waardes word naamlik veral gevorm deurdat daar sekere gemeenskaplike faktore is wat bydra tot gemeenskaplike omstandighede en gevolglik ook tot gemeenskaplike mitevorming.

In die geval van die Afrikaners was sommige van dié faktore 'n hoofsaaklik landelike leefwyse en dus 'n baie sterk afhanklikheid van die natuur, uiterste armoede as gevolg van droogtes, die traumatiese impak van die Anglo-Boereoorlog, 'n sterk Christelik-gereformeerde lewensbeskouing en 'n groeiende geloof in die belangrikheid van die eie taal en kultuur as middele om verlore selfrespek te herwin.

Nie net M.E.R. nie, maar ook ander Afrikaanse skrywers spel spesifieke waardes uit en suggereer voorts dat hulle beskou is as by uitstek eie aan hulle kultuurgroep. Een voorbeeld kom uit die outobiografiese werk van Engela van Rooyen, *Met 'n eie siekspens*, waarin sy vertel van die uiterste armoede van haar voormense in die N.G. Kerk se arbeidskolonie op Kakamas en haar grootwordjare daar. Sy skets sekere “huisreëls” of taboes, soos dat jy nie fout mag vind met kos of kos mag weggooi nie, nie 'n dier mag mishandel nie, nie mag vloek, op 'n graf trap of op 'n katel spring nie en nie klip mag gooi nie, “al is klip hóé volop jy hóé kwaad”; voorts mag jy nie met dood, siekte of grootmense spot nie en nie met water mors nie. Die skrywer se gevolgtrekking is: “Alles wat deugde soos arbeidsaamheid, beleefdheid en oppassendheid in die hand werk, is wet”. (Van Rooyen, 1994:71-72.)

Daar word ook in die uiteensetting rondom miteskepping in M.E.R. se lewe geredeneer dat M.E.R. sedert haar twintigerjare, toe sy en 'n mede-student aan die South African College in Kaapstad, Charles De Villiers, by mekaar “'n mening en 'n oordeel” gesoek het omtrent die Jameson-inval in Transvaal wat toe (in 1896) aan die gang was, haarself nooit weer anders as 'n Afrikaner gesien het nie. Sy gee wel die agtergrond van haar Engelse opvoeding tot op daardie stadium en die feit dat daar van kleins af by haar die persepsie geskep is dat alles wat Engels is, goed is, en wat Afrikaans is, minder goed (M.E.R., 1972:92). En tog, meen sy, het sy en Charles dié dag iets anders ervaar:

Ons het albei, vaag en ver, in daardie Engelse omgewing die voorouers se gees in ons gevoel roer [...] Daar staan voor my iets van 'n voorneme — ek by my mense! — wat daarvandaan, by my altans, stadigaan in sterkte toegeneem het en nooit verander het nie. (M.E.R., 1972:91.)

Die rede vir haar volgehoue betrokkenheid daarna by haar volk se lotgevalle verduidelik sy ook later in die outobiografie soos volg (M.E.R., 1972:166):

Wat met ons as volk gebeur het, het vir my, soos vir elke normale Afrikaner, altyd diep aangegaan. Ook leef 'n mens nie alleen in die persoon nie, maar deur en met jou volk. Word die volk se lewensfunksies gekeer, kwyndie individu ook ...

M.E.R. skets dan die droom van die Afrikaner om weer vry te kom van Engelse oorheersing, soos onder meer gemanifesteer deur die stigting van takke van die ATV (die Afrikaanse Taalvereniging) op verskeie dorpe dwarsdeur die land. Die “ou mense” het wel nog vasgehou aan Nederlands, sê M.E.R., en iemand soos “ons liewe ds. Botha, toe moderator van die Kaaplandse kerk, het die A.T.V. genoem die “Arme Taalverknoeiers”! Maar steeds het “die droom” gebly. Daar is oontseggelyke miteskeppende frases in haar verwysings na bekende figure soos president M.T. Steyn en generaal J.B.M. Hertzog (dus as’t ware biografie binne outobiografie).

As ek nou die lewensbeskrywing van Steyn en Hertzog lees, vind ek in hulle briewe van daardie tyd, soos in ’n spieël, ons hele nimmerverslappende opdraand gesukkel om onself te bly. (M.E.R., 1972:167.)

Van generaal Louis Botha sê sy:

[...] hy was ons geliefde held en hy het daardie liefde en verering verdien. (M.E.R., 1972:168.)

Naas haar volksgevoel is daar egter ook ander waardes wat beskou kan word as “lewende mites” in M.E.R. se lewe. Steyn (2004:25) belig van die waardes wat haar moeder, Annie Rothmann, gekenmerk het: moed, opoffering (van alles behalwe die eie wil!), eerlikheid wat alle huigelary en gemeenheid verag het, sterk pligsgevoel, sindelikheds- en ordelikhedsgevoel.

As daar egter geredeneer word dat die waardes wat haar moeder aan hulle as kinders voorgeleef het, bygedra het tot miteskeppende waardevaslegging by M.E.R. as *Afrikaner*, is dit nie omdat haar moeder self so ’n oortuigde Afrikaner was nie. Annie Rothmann het byvoorbeeld na ’n breuk met die N.G. Kerk na die Anglikaanse Kerk oorgegaan (Steyn, 2004:28). M.E.R. het egter waardes soos eerlikheid en ’n afsku vir huigelary gesien as deel van haar eie toerusting as lid van haar volk en as kenmerk van die meeste Afrikaners.

Dié afleiding volg uit haar beskrywing (M.E.R., 1972:35) van ’n “tweeledige leefwyse” wat volgens haar veral kenmerkend was van die meer vermoënde Engelse families van haar jeugjare in Swellendam, hoewel dit ongelukkig ook deur enkele Afrikaanse families nagevolg is. Die meeste Afrikaners, meen sy, het egter nog die “eenledige leefwyse” nagevolg waarvolgens hulle nie voorgegee het om te wees wat hulle nie was nie.

Sy verduidelik voorts dat die eenledige leefwyse, “soos dit by die *Afrikaners bestaan het en soos dit seker deur die omstandighede van ons volksworming noodwendig ontstaan het*” (my kursivering — AMJ) die verhouding tussen mense vasstel op grond van wat hulle is, terwyl die tweeledige leefwyse twee toetse veronderstel, naamlik dit wat die mens is, en dit wat hy *skyn te wees* (M.E.R., 1972:35).

Nog ’n waarde wat vir M.E.R. baie belangrik was, is vergestalt in die aard van haar geliefde broer, Frits: hy was ’n “gewer”. Hy was “’n beminde persoon, met ’n jammer hart vir mens en dier”, en “die bruinmense se vriend” (Steyn, 2004:237).

M.E.R. (1972:266, 267) vertel ook, feitlik teen die einde van haar outobiografie, van die vriendin wat sy gemaak het in Mary Brown, die eggenote van ’n Engelse dokter van Worcester, iemand wat volgens die skryfster besondere geestesgawes gehad het. Van mense soos Mary Brown meen sy dat hulle “weldadige, selfvergetende geeste” is wat die indruk skep dat hulle “in verbinding is met ’n Bron van welwillendheid teenoor al wat leef, en dat hulle so kanale vorm waardeur hierdie bron se lawende kragte in ’n besondere mate na die mensdom uitgaan”. “En dit kom my ook voor,” sê M.E.R. verder, “dat die geskiktheid van die kanaal afhang van die mate van so ’n mens se vermoë om homself te vergeet”.

Die aard en belangrike rol van “gewers” word ook verwoord in haar bundel persoonsketse, *Die gewers* (1955), en wel in die “Verduideliking” vooraf:

[...] toe ek klaar geskryf het, kon ek sien dat ek [...] onbewus dié uitsoek het van wie ek graag wou en kon skryf... (om)dat ek van elkeen iets kosbaar en onmisbaars ontvang het: [...] almal was gewers. Nie van goed nie, want dit het hulle nie oorvloedig gehad nie; van moed; van hartversterkende geloof; en sommer van goedheid.

M.E.R. se eie lewe en dienswerk kan dien as ’n boeiende dokument van die impak van miteskepping rondom hierdie dryfveer: om te gee en sodoende tot diens van die medemens te wees. In haar outobiografie vertel sy onder meer van haar “beskeie” bydrae om in die dekades ná die oorlog die platgeslane Afrikaner en veral die Afrikanervrou te help ophef.

Steyn (2004) gee in sy omvattende biografie egter heelwat meer aandag aan M.E.R. se dienswerk en betrokkenheid by haar medemens, en veral by die verarmde deel van haar eie volk. Daar is nie ruimte in hierdie artikel om alle fasette selfs net te noem nie. Afgesien van haar betrokkenheid as joernalis by vrouesake en vrouestemreg, is sy ook in 1928 aangestel as die eerste rondreisende en organiserende sekretaresse van die ACVV. Sy wou nie geld hiervoor hê nie, maar die ACVV het tog op ’n geringe jaarlikse honorarium van honderd pond besluit om haar reiskoste te dek (Steyn, 2004:234).

In dieselfde jaar word sy ook lid van die Carnegiekommissie van Ondersoek na die Armbanke Vraagstuk. Oor haar betrokkenheid by die ACVV en die Carnegiekommissie is M.E.R. (1972:233) se eie oordeel dat albei organisasies haar ’n “onskatbare weldaad gedoen (het) deur my vir hulle werk in te span”.

Sy vergelyk voorts haar werk in die kommissie met “huis aankant maak” – in dié geval sou sy net ’n “volksaankantmaker” wees (M.E.R. in *Die Huisgenoot*, 24 November 1950, aangehaal in Steyn, 2004:234) — wat weer dui op die waarde van ordelikheid (een van die eienskappe van haar moeder Annie, soos hierbo uiteengesit) as lewende mite in haar lewe.

Die skryfster van *Kinders van die Voortrek* was ook in 1931 betrokke by die stigting van die Voortrekkerbeweging vir die Afrikanerjeug nadat pogings om in te skakel by die Scouts van lord Baden-Powell gestuit het teen laasgenoemde se aandrang op die Union Jack en die sweer van trou aan die Britse koningshuis. Een van die tien riglyne of “wette” van die jeugbeweging het gelui: “’n Voortrekker is sober en spaarsaam”, ’n waarde wat ongetwyfeld een van die lewende mites in M.E.R. se eie lewe was.

Daar is talle voorbeelde in Steyn se biografie van M.E.R. se besondere “soberheid” en spaarsin. Afgesien daarvan dat sy, soos genoem, die ACVV geld wou bespaar deur kosteloos vir dié organisasie te werk, is daar byvoorbeeld die beskrywing van die huis wat sy op haar ou tuisdorp laat bou het. Dit was “’n rietdakhuis” op ’n stukkie grond wat ter wille van die uitsig nie naby die rivier was nie, maar hoër op en wat dus skraal potkleigrond gehad het, wat sy egter deur die jare probeer vrugbaarder maak het deur kompos in te werk (Steyn, 2004:235). Haar skuld op die huis is wel met “stukke en brokke afbetaal, maar so gou dat die lener sy spyt te kenne gegee het” (Steyn, 2004:237).

’n Terloopse opmerking in een van haar briewe uit Duitsland huis toe tydens ’n gesondheidsreis in Europa in 1934 is dat sy “(op)spaar [...] om ’n nuwe boonste stel tande hier te laat maak” (Steyn, 2004:310). Steyn (2004:467) meen voorts dat haar versoeke aan haar dogter Anna in ’n brief uit 1948 “getuig van iemand wat in haar jong dae moes meet en pas: ’n warm stukkie vir haar huishulp Tas” en “orige bietjies wol; enige kleur, dik of dun; as dit dun is brei ek die spreilappie maar digter ...”

Daar sou nog talle voorbeelde aangehaal kon word, maar die genoemdes behoort duidelik te wys op M.E.R. se “soberheid en spaarsin”.

Steyn (2004:266) verwys in sy biografie na die uitspraak van Elize Botha dat ’n mens M.E.R. se werk kan lees “as ’n ontroerende ontginning van die tema van

die waarde van menslike verbintnisse”. Petra Müller meen ook in die flapteks van die Steyn-biografie dat M.E.R. “as dorpenaar uitgegroeï het tot ’n ‘ewemens””. Die Christelike mite van liefde vir God en die naaste is dan ook myns insiens een van die sterkste waardes wat geïnternaliseer was in M.E.R. se lewe. Sy stel dit soos volg (M.E.R., 1972:288):

Jesus het ons geleer *hoe om te leef* en sy leiding is die hoogste goed wat daar vir ons bestaan. Dit glo ek heelhartig. Sy opsomming: om God bo alles lief te hê, om die ewemens se belange net so in ag te neem as jou eie, is vir my bevredigend in alle opsigte.

Haar slotsom in die outobiografie lui:

Liefde *vir* die ewemens; liefde van die ewemens. Ja, daarin lê die onsterflike [...] As ek oor die jare terugkyk na die vele met wie ek in liefde verbind was, familie en vriende, oud en jonk, wit en swart, dan weet ek dat wat ek van hulle gekry het, nooit tot niet gegaan het nie; *kan* nooit tot niet gaan nie ...

Dit is in die lig van uitsprake soos hierdie dat die diskoers rondom miteskeping in M.E.R. se lewe gevoer behoort te word. Mites is duidelik in dié geval nie “verdelende mites” wat ander mense of groepe wil benadeel nie, maar “goeie mites” — opbouende en singewende kragte wat aanspoor tot diens aan die ‘ewemens’ sonder om ooit die “behoort aan ’n spesifieke eie groep” te probeer ontken.

7.2 Biografie van ’n volk: Giliomee oor die Afrikaners

Binne ’n diskoers oor die neerslag van Afrikanermities binne die konteks van outobiografie en biografie sou ’n afsonderlike navorsingstudie aan Hermann Giliomee se omvattende “volksbiografie”, *The Afrikaners: biography of a people* wat in 2003 verskyn het (en in die volgende jaar in Afrikaans vertaal en sedertdien uitgegee is), gewy kon word. Daar word hier net baie vlugtig na enkele tersaaklike aspekte verwys.

In sy inleiding tot die werk haal Giliomee die mities-gelade uitspraak van Jan Smuts by die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949 aan:

What young nation can boast a more romantic history, one of more far-reaching human interest? Color, incident, tragedy and comedy, defeat and victory, joy and sorrow ... our early history is full of the most gripping human interest ...

In die lig van die verband wat vroeër aangetoon is tussen mites en stories — vergelyk 3(b) hierbo — kan die afleiding uit bogenoemde uitspraak van Smuts gemaak word dat die Afrikanergeskiedenis — of die “storie” van dié “jong nasie” — hom baie ryklik tot mitologisering leen.

Die belangrike rol van die oorvertel van ’n volk se geskiedenis in die verstaan van wie hulle is (en dus in identiteitskonstruksie — vergelyk Calhoun, 1994:9-10, soos aangehaal hierbo), is ook by implikasie teenwoordig in een van die motto’s voorin die werk, ’n aanhaling van Elie Wiesel: “To live without a past is worse than to live without a future”.

Daar is ook duidelike bewyse van die rekonstruktiewe en miteskeppende aard van die biografie in die volgende uitsprake in die flapteks:

The Afrikaners loom large in the South African *drama* as it has unfolded over the past three and a half centuries. Theirs is a *story* — both heroic and tragic — of a people searching for security in ways which made its ultimate attainment impossible. The history of the Afrikaners, colonizers and colonized, is *replete with drama, irony and paradox*. [...] Hermann Giliomee *weaves together life stories* and interpretation to create a highly readable *narrative history* of the Afrikaners from colonization of the Cape of Good Hope by the Dutch East India Company to the twenty-first century [...] the Afrikaners suffered from all the anxieties about survival that mark numerically weak peoples. (My kursiverings — AMJ.)

In die lig van die laaste sinsdeel — “the anxieties about survival that mark numerically weak people” — verstaan ’n mens ook Giliomee se bedoeling wanneer hy in sy inleiding verwys na die woorde van ’n skrywer oor slawerny in antieke Griekeland, aangehaal deur Kitto in *The Greeks* (1951:132): “To understand is not necessarily to pardon, but there is no harm in trying to understand”.

Malan (2005:211) kritiseer in sy resensie van Giliomee se biografie die “apartheidsmite” (Malan se eie woordgebruik, maar in dié geval duidelik in die sin van ‘wanpersepsie’ of ‘vervalsing’ — AMJ) omdat hy meen dat daar ’n kunsmatige verdeling tussen twee Afrikaanssprekende “volke” verskyn het: Blank/Afrikaner en Kleurling.

Dit is nie moontlik om binne die bestek van hierdie artikel dieper op dié saak in te gaan nie. Die fokus is, soos genoem, nie die skep van ideologie nie, maar miteskepping wat waardevaslegging en groepsetos tot gevolg het.

Die jaar 1994 het myns insiens ook nie ’n einde gebring aan dié soort ‘goeie’ miteskepping by Afrikaners — en ook by bruin Afrikaanssprekende ‘Afrikaners’ met dieselfde waardes — nie. Nie sonder rede nie haal Giliomee teen die einde van sy werk (2003:663) die woorde van Milan Kundera aan: “One cannot judge a nation exclusively by the success of its politics; one must also consider *the values that its culture is able to create* during the periods of its worst defeat”. (My kursivering — AMJ.)

8. Slotsom

N.P. van Wyk Louw het reeds in die vyftigerjare diep besin oor die kwessie van voortbestaan *per se* teenoor *voortbestaan in geregtigheid*. Hy stel dit in 'n fiktiewe “brief aan 'n jong vriend” soos volg (Louw, 1986:462):

Gestel dat 'n volk ‘tussen die engtes’ ingekom het — vind dat hy hom op lewe en dood moet verdedig — ;hy span alle stoflike en politieke kragte in, behoed en brei sy geestelike, tegniese, intellektuele besit uit, doen alles wat hy kan, om te bly voortbestaan ... Dan kom hy voor die laaste versoeking: om te glo dat blote voortbestaan verkieslik is bo *voortbestaan in geregtigheid*.

Miteskeppers binne die Afrikanergemeenskap is oor baie dekades telkens gekonfronteer met die interne konflik tussen die ‘mities-gelade’ droom om as kultuurgroep voort te bestaan, en die impak van medemenslike (en ook Christelike) eise om aan ander te doen wat jy aan jouself gedoen wil hê.

Hierdie saak is op die spits gedryf met die verlies aan politieke mag en die *oënskynlike* gepaardgaande verlies aan 'n ‘lewende mite’. Leroux se waarskuwing (in Kannemeyer, 1980:12) is in dié opsig belangrik om te onthou: “[S]onder 'n mite kan 'n volk alle belang in die lewe verloor en verdwyn”.

Die voortgesette rol van miteskepping rondom die identiteit en waardes van die Afrikaners as 'n kultuurgroep bly myns insiens van die allergrootste belang, veral in 'n tyd van moontlike ontgogeling. Dit is dié soort miteskepping wat duidelik blyk uit die outobiografie van en biografie oor die “merkwaardige vrou”, M.E.R. — volgens Izak de Villiers “die toetssteen van haar stam en kultuurgemeenskap”.

Universiteit van Pretoria

AANTEKENINGE

1. Die artikel is 'n verwerking van 'n referaat gelewer tydens die ALV-kongres te Potchefstroom in September 2004. Die referaat het voortgevloei uit navorsing vir 'n DLitt-studie in die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria, onder promotorskap van prof. M.C.J. van Rensburg.

VERWYSINGS

ANDERSON, B.R. O’G.

1991. *Imagined communities: reflections on the origins and spread of nationalism*. New York: Verso.

- BULFINCH, T.
s.j. *The golden age of myth and legend*. (Heruitgawe 1993). Hertfordshire: Wordsworth Editions Ltd.
- CALHOUN, C. (RED.).
1994. *Social theory and the politics of identity*. Oxford: Blackwell.
- CLOETE, T.T. (RED.).
1992. *Literêre terme en teorieë*. Bloemfontein: HAUM-Literêr.
- CONRADIE, P.J.
1964. *Avonture van die Griekse helde en gode*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- DE ROUGEMONT, D.
1956. *Passion and society*. Londen: Faber.
- ESTES, C.P.
1992. *Women who run with the wolves*. Londen: Rider.
- FLOWERS, B.S. (RED.).
1988. *Joseph Campbell: The power of myth (with Bill Moyers)*. New York: Doubleday.
- GILIOME, H.
2003. *The Afrikaners: biography of a people*. Kaapstad: Tafelberg.
- HAT (*VERKLARENDE HANDWOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL*).
1994. Johannesburg: Perskor.
- JORDAAN, A.M.
2004. *Mites rondom Afrikaans*. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif: Universiteit van Pretoria.
- JUNG, C.G.
1964. *Man and his symbols*. Londen: Aldus Books Limited.
- KANNEMEYER, J.C. (RED.).
1980. *Tussengebied*. Johannesburg: Perskor.
- KINGSOLVER, B.
1999. *The Poisonwood Bible*. Londen: Faber and Faber Ltd.
- KIRKWOOD, G.M.
1958. *A study of Sophoclean drama*. Cornell: Cornell University Press.
- KITTO, H.D.F.
1951. *The Greeks*. Harmondsworth: Penguin Books.

- KROG, A.
1998. *Country of my skull*. Kaapstad: Random House South Africa.
- LOUW, NP VAN WYK.
1986. *Versamelde prosa I*. Kaapstad: Tafelberg.
- MALAN, C.
1978. *Misterie van die alchemis: 'n inleiding tot Etienne Leroux se negeideige romansiklus*. Pretoria: Academica.
2005. Resensie van: *Die Afrikaners. 'n Biografie*. *Tydskrif vir Letterkunde* 42(2),
Lente: 211-212.
- M.E.R.
1955. *Die gewers*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk.
1972. *My beskeie deel: 'n outobiografiese vertelling*. Kaapstad: Tafelberg.
- NIENABER, G.S. & NIENABER, P.J.
1958. *Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- SAMUEL, R. & THOMPSON, P. (REDS.).
1990. *The myths we live by*. Londen: Routledge.
- STEENBERG, D.H.
1992. "Mite". In Cloete (red.):312-314.
- STEINBECK, J.
1992. *East of Eden*. (Eerste publikasiedatum 1952). New York: Penguin.
(Inleiding deur David Wyatt).
- STEYN, J.C.
1980. *Tuiste in eie taal*. Kaapstad: Tafelberg.
2004. *Die 100 jaar van MER*. Kaapstad: Tafelberg.
- THOMPSON, L.M.
1985. *The political mythology of apartheid*. New Haven: Yale University Press.
- VAN DIS, A.
1994. *Indische Duinen*. Amsterdam: Meulenhoff.
- VAN ROOYEN, E.
1994. *Met 'n eie siekspens: jeugherinneringe*. Kaapstad: Tafelberg.
- WASSERMAN, H.
2000. *Postkoloniale kulturele identiteit in Afrikaanse kortverhale na 1994*.
Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif: Universiteit van Stellenbosch.